Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, August 14, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Bereken jou belasting so

## 'n Paar faktore kan jou direk raak

Ons is midde-in die sogenaamde belastingseisoen. Ek kyk vandag na 'n paar faktore wat jou direk raak.

Jy wil nie onnodige belasting betaal nie, maar jy wil ook nie aan Jan Taks se verkeerde kant beland nie. So, kom ons kyk. Ek bepaal my by natuurlike persone.

Jou belastingopgawe vir die 2022-belastingjaar moet teen 24 Oktober ingedien wees. Jy kan dit aanlyn doen (deur *e-filing*) of jy kan dit direk by een van die SA Inkomstediens (SAID) se kantore doen. Onthou net om eers 'n afspraak te maak.

Voorlopige belastingbetalers het tot 23 Januarie 2023 tyd om die opgawe vir die 2022-belastingjaar in te dien.

**Is jy 'n voorlopige belastingbetaler?**

'n Voorlopige belastingbetaler is enige natuurlike persoon wat inkomste verdien het anders as vergoeding (salaris), toelae of 'n voorskot.

Of as jy vergoeding ontvang het van 'n werkgewer wat nie by die SAID geregistreer is vir werknemersbelasting nie.

Rente-inkomste uit beleggings en inkomste uit die verhuring van 'n woonstel of ander eiendom sal byvoorbeeld van jou 'n voorlopige belastingbetaler maak. Of as die kommissaris vir jou sê jy is 'n voorlopige belastingbetaler.

Ek noem kortliks hierdie definisie van voorlopige belastingbetaler juis omdat daar 'n vangplek is as 'n mens net kyk na die datums vir die indien van opgawes.

Jy het wel tyd tot Januarie 2023 om jou belastingopgawe vir die 2022-belastingjaar in te dien, as jy reeds geregistreer is as voorlopige belastingbetaler.

**Waak teen dié vangplek**

Die vangplek vir voorlopige belastingbetalers is sommer aan die einde van Augustus – dus oor twee weke.

Dit is omdat die eerste oorbetaling van belasting vir die 2023-belastingjaar reeds teen hierdie tyd gedoen moet word. Die wet sê binne ses maande ná die begin van die belastingjaar, wat vir die meeste van ons 1 Maart is.

Die tweede inbetaling moet teen die laaste dag van die belastingjaar, dus 28 Februarie, gedoen word.

Die einde-Januarie-datum wat ek hierbo noem, geld vir die finale opgawe van die 2022-belastingjaar.

Dit is belangrik, want sou jy 'n voorlopige belastingbetaler geword het in die afgelope jaar, moet jy betyds registreer, sodat jy jou eerste belasting-inbetaling voor die einde van Augustus kan doen.

**Outomatiese aanslag**

Jan Taks het die afgelope sowat drie jaar dit makliker probeer maak vir belastingbetalers met 'n outo-aanslag.

Jy hoef nie self jou opgawe in te dien nie, dit word sommer deur die ontvanger vir jou gedoen, gegrond op inligting verkry van werkgewers, mediese skemas en aftreefondse.

Wat vanjaar anders is, is dat jy nie eers die outo-aanslag hoef te aanvaar soos vroeër nie. Jy hoef niks te doen nie.

Is dit slim? Vir baie bied dit 'n heel eenvoudige oplossing, maar vir dié wat nie deel van die "baie" is nie, kan dit dalk onnodige belasting beteken. Kortom, daar kan belastingaftrekkings wees waarvan die belastinggaarder nie bewus is nie.

**Belastingaftrekkings**

Hierdie is 'n baie tegniese onderwerp. Sekere aftrekkings geld net nadat "belasbare inkomste" bereken is, maar voor die aftrekking ter sake self in berekeninge gebring is.

Daar is 'n bepaalde volgorde waarin belastingaftrekkings bereken moet word, wat veels te omvattend is om in 'n rubriek te bespreek.

■ **Eenpersoonsaak:** Alle uitgawes en verliese aangegaan in die produksie van inkomste, wat nie van 'n kapitaalaard is nie, is aftrekbaar om jou belasbare inkomste te bereken. En in die meeste gevalle sal jy ook as voorlopige belastingbetaler moet registreer (kyk hierbo).

■ **Bydraes tot 'n aftreefonds:** Dié bydraes, ingesluit jou werkgewersfonds en uittree-annuïteite, is aftrekbaar van jou inkomste. Alle bydraes tot alle fondse waarvan jy lid is, word saam in berekening gebring. Die perk is die laagste van R350 000 per jaar of 27,5% van inkomste.

Gades word afsonderlik belas op inkomste en albei gades sal dus kwalifiseer vir die aftrekking. Mense wat binne gemeenskap van goedere getroud is, sal elkeen afsonderlik kwalifiseer vir sy of haar eie aftrekking vir aftreefondsbydraes.

Dit is die maklikste en sekerste belastingaftrekkings. En dit is beskikbaar vir almal. Dit is 'n uitgawe tot jou eie voordeel. Jy spaar vir jou eie welvaart terwyl jy onmiddellike belastingverligting kry.

Dit is byna ondenkbaar dat elke enkele belastingbetaler nie die maksimum voordeel hieruit probeer verkry nie.

■ **Skenkings:** Gelde vir goedgekeurde openbare welsynorganisasies is aftrekbaar – die sogenaamde art. 18A-afrekking. Die aftrekking is beperk tot 10% van "belasbare inkomste". Skenkings wat die bedrag oorskry, is aftrekbaar in daaropvolgende jare.

■ **Mediese uitgawes:** Daar is nie 'n mediese aftrekking as sodanig nie, maar belastingkrediete (belastingkorting) wat toegestaan word vir mediese skemabydraes en mediese uitgawes.

Daar is twee afsonderlike belastingkrediete – 'n standaardkrediet en 'n addisionele mediese krediet.

Vir die 2022-belastingjaar is daar 'n standaardbelastingkrediet van R322 per maand beskikbaar vir die belastingbetaler, asook R322 per maand vir die eerste afhanklike. Vir elke addisionele afhanklike is dit R224 per maand.

Die tweede belastingkrediet is beskikbaar as jy byvoorbeeld mediese bybetalings of addisionele uitgawes gehad het. As jy ouer is as 65 jaar, is daar 'n verdere krediet. Die krediete word bereken volgens 'n bepaalde formule.

Om seker te wees jou belastingsake is in orde en dat jy nie te veel of te min belasting betaal nie, is dit ongetwyfeld beter om 'n belastingpraktisyn te raadpleeg.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.